11 Februarie 2015

Mnr. Herselman
Direkteur: Grootfontein-landboukollege

E-pos: DGADI@daff.gov.za
Tel: 049 802 6600

Mnr. Thozi Manyisana
Mediaskakelbeampte
Departement van Landbou, Bosbou en Visserye – Oos-Kaap

E-pos: thozi.manyisana@agr.ecprov.gov.za/

Minister Senzeni Zokwana
Minister van Landbou

E-pos: Enquiries@daff.gov.za

AFRIFORUM JEUG VERKLAAR DISPUUT MET LANDBOU-DEPARTEMENT NA AFSKAFFING VAN AFRIKAANS BY GROOTFONTEIN-LANDBOUKOLLEGE

AfriForum Jeug verklaar hiermee ’n amptelike dispuut met die departement van landbou, bosbou en visserye nadat Afrikaans as onderrigmedium by die Grootfontein-landboukollege in Middelburg, Oos-Kaap, afgeskaf is.

Ons, as jeugorganisasie, het ’n geregistreerde tak by die kollege met bykans 100 lede. Ons verteenwoordig dus bykans 50% van die totale studentegemeenskap.

AfriForum Jeug het reeds in gesprek getree met ons regspan om moontlike regstappe te bespreek.

’n Petisie sal onder studente versprei word wat die duidelike steun en aanvraag vir Afrikaans sal bewys.

AfriForum Jeug is teleurgesteld dat die departement sy woord verbreek het deur aan te voer dat ’n scenario vermy sal word waar taal as ’n meganisme gebruik word om potensiële studente uit te sluit, met die afskaffing van Afrikaans. Die departement het onderneem dat Afrikaans as primêre onderrigtaal sou voortbestaan. (Sien Aanhangsel A)

Ons versoek hiermee 'n dringende vergadering met die departement en alle rolspelers wat by die besluit betrokke moet wees, voordat verdere prosesse in dié verband momentum kry.

Die uwe

Henk Maree
Nasionale Voorsitter: AfriForum Jeug
Tel: 083 280 2470
E-pos: henk@afriforum.co.za